kinders gebruik dwelms

verslawing kos

- Dwelmverslawing lei dikwels tot ander misdade soos winkeldiefstal, huisbraak en prostitusie.
- Sekere dwelms kan binne 24 uur nie meer in 'n dwelmtoets opgespoor word nie.

Kinders het boonop innoverende maniere om urienmonsters te dokter.

Wanneer 'n huishoudelike bleikmiddel bygevoeg word, toets die urine negatief vir alle dwelmmiddels.

Swembaddens se pH-toetsstelle word ook ingespan om seker te maak pH-vlakke is reg voor 'n urientoets, sê dr. Melissa Uys van die Nasionale patologiegroep en 'n dokter by Lancet-laboratoriums in Johannesburg.

Kinders met "skoon" urine verkoop soms hul urine aan dwelmgebruikers sodat dié dan negatief vir dwelmgebruik toets.

Dwelms word ook "gesny", wat beteken die bestanddele daarvan is raaiselagtig.

Enigiets van seep tot suiker en swembadsuur word bygevoeg.

"Vantevore het ongevallepersoneel geweet watter dwelms betrokke is by sekere simptome.

"Met 'gesnyde' dwelms moet daar eers positiewe identifikasie van 'n laboratorium gekry word voor jy weet watter dwelm die probleem veroorsaak," sê Yssel.

Forbes vertel van 'n skool waar 'n dwelmhandelaar met sy eie motor skool toe kom en sy eie skoolgeld betaal.

Die handelaars is meestal nie self gebruikers nie.

"Verslawing is verskriklik: kinders verander in monsters. Hulle het geen waardes nie, geen god nie . . ."

Dwelmkennis is die oplossing, glo Yssel.

En ouers moet nooit dink hul kinders is te jonk om dwelms te gebruik nie.